



### **KALEI-nuus 3** (Julie 2023)

Dis tyd om te **REGISTREER!** Jy het nodig om na die webblad te gaan – klik op die volgende skakel wat jou direk soontoe kan vat:

<https://kaleidoskoopmark.co.za/>

Klik op *Vendor Sign In* wat die databasisblad sal oopmaak. **Ou uitstallers** kan inteken met hulle epos en wagwoord van verlede jaar.

**Nuwe uitstallers:** Klik op *Register Here* en lees jou nodige data daar in. Klik dan op *Register*. Na gebruikerregistrasie sal 'n administrateur jou registrasie goedkeur en kan jy voortgaan om jou winkel te registreer en nodige inligting in te vul. 'n Volledige dokument vir registrasie en winkel skep sal deurgestuur word.

Vorige uitstallers behou dieselfde **UITSTALNOMMER** wat reeds aan hulle toegeken is; nuwe uitstallers sal 'n eie uitstalnommer (wat met 3... sal begin) ontvang – en dis belangrik dat dit op alle korrespondensie moet verskyn – asook jou **WINKELNAAM**.

#### **Kerninligting:**

Teen hierdie tyd weet jy tien teen een waar en wanneer KALEIDOKOOP KERSMARK plaasvind – ek bevestig net weer:

- Wanneer: **30 Okt – 4 Nov 2023**
- Waar: Doxa Deo Kameeldrift Kampus
- Kersmark se tye:
  - Maandag tot Vrydag 10:00 – 20:00
  - Saterdag 07:00 – 13:00
    - Uitpaktyd: Maandag 07:00 – 10:00
    - Oppaktyd: Saterdag 13:00 – 15:00
- Kontakpersoon: Müller Crauwcamp – 0833012897
  - [mark@kaleidoskoopmark.co.za](mailto:mark@kaleidoskoopmark.co.za)

Dit is 'n **NEERSIT-MARK** - jy hoef daarom as uitstaller nie die hele tyd daar te wees nie.

**UITSTALSPASIES** wat die meeste aandag trek, is dié wat met oorspronklikeheid getooi word. Wees vernuftig met eie kreatiwiteit! Bring gerus jou eie tafel of houers vir die ongeveer 2m X 1m uitstalspasie. Ons het egter **tafels te huur @R50 per tafel**.

Daar is reeds uitstallers wat hulle **EEN DIENSBEURT** tydens die week bevestig het. Dankie daarvoor. Spring sommer vroegetydig om joune vas te maak:

- Maandag tot Vrydag se tydgleuwe is
  - 10:00-14:00
  - 14:00-17:00
  - 17:00-20:00

- Saterdag:
  - 07:00-10:00
  - 10:00-13:00

Dit is 'n **KONTANTLOSE** mark is. Ons maak gebruik van ons eie *barcode* sisteem; daarom sal geen ander markte se prys-etikette met ons sisteem kan kommunikeer nie.

## KOSTES

- Een **UITSTALSPASIE** kos **R500** – dit is ongeveer 1m X 2m (gewone tafelgrootte) –
- Hierdie **registrasiefooi** moes betaalbaar wees teen 1 Aug - maar ter wille van jou gemak, het ek dit met 'n maand aangeskuif na **31 Augustus 2023**.
  - Bankbesonderhede:

ABSA, Rek nr: 407 405 9077, Takkode: 632005

Verwysing: KALEI (+Naam +Uitstalnommer)

Stuur betalingsbewys aan [mark@kaleidoskoopmark.co.za](mailto:mark@kaleidoskoopmark.co.za)

- KALEIDOSKOOP KERSMARK verhaal **20% KOMMISIE** van die totale verkope van elke produk by die mark - bv. R100 = verkoopprys; R20 (20% kommisie na Kaleidoskoop) en R80 terugbetaalbaar aan uitstaller).
- Soos wat dit verlede jaar die geval was, poog ons om die terugbetalings af te handel nie later nie as 2 weke na die mark se sluitingsdatum.

In die **KUIERTENT** sal daar elke dag iets te koop wees om aan te knibbel. Vriende en familie kan saam-eet en -kuier van 10:00 tot 20:00 – en vanaf 17:00 gaan daar weer **KUNSTENAARS** wees wat die feestelikheid na 'n volgende vlak toe vat. Saterdag begin die fees reeds vroegdag tot 13:00.

*Intussen is ons besig met KERSFEES IN AUGUSTUS (Kaleidoskoop gaan in dieselfde ouditorium wees). Dit is 'n produksie met oorspronklike Suid-Afrikaanse Kersmusiek. Dit kan een van jou hoogtepunte vir hierdie jaar wees. Stuur gerus 'n e-pos na [kersfees@doxadeo.org](mailto:kersfees@doxadeo.org) en Annie laat weet jou hoe om kaartjies daarvoor te kry. 🎵🎵*

Kalei-groetnis! Ons gesels binnekort weer.

MÜLLER & ANNIE CRAUWCAMP

083 301 2897 | [mark@kaleidoskoopmark.co.za](mailto:mark@kaleidoskoopmark.co.za) | [kaleidoskoopkersmark.co.za](http://kaleidoskoopkersmark.co.za)

